

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
29 Augustus 1976

Onderwerp: Die Bybel

Lees: Johannes 5 verse 24 tot 47

Teks: Johannes 5 verse 39 en 40

Sing: Psalm 119 vers 2
Psalm 147 verse 1 en 7

“In die Hollandse Statevertaling verskyn hierdie woorde as ‘n bevel van Jesus: ‘Onderzoek de Skrifte’. In ons Afrikaanse Vertaling word dit as ‘n feit gestel. In albei gevalle gaan dit oor die ondersoek en bestudering van God se Woord, waaraan Jesus Christus groot waarde geheg het.

“Jesus wou in hierdie gedeelte die waarheid, dat die Skrifte van Hom getuig het, aan die verstand van die leiers van sy volk bring. Maar hulle wou nie glo dat Hy die vervulling van die Ou Testamentiese getuienis was nie. Hulle wou nie na Jesus Christus kom om die lewe te ontvang nie.

“Broers en Susters, ons wil vanmôre u aandag vestig op Jesus Christus se bevel om die Skrifte en die uitvoering daarvan te ondersoek. Tot vandag toe is die bestudering van God se Woord gebiedend noodsaaklik, omdat die Skrifte die HERE se keurbron is. Vergeet ons hierdie waarheid ten opsigte van die Woord van God nie te dikwels nie?

“Ons moet God dank dat dit nie nodig is om vir sommige mense hierdie uitdruklike bevel te gee nie. Daar is nog vele Christene, wat soos die Paulusse, ‘n drang in die hart het om vertrouwd te wees met die Woord van God en hulle in sy heerlike waarhede te verdiep. Dit is mense wat hulle bestaan op hierdie wêreld nie kan indink sonder die Bybel nie.

“Maar, Broers en Susters, die teenoorgestelde is ook waar. Daar is vele huisgesinne en lidmate vir wie die Bybel weinig beteken en wat dit nie meer lees nie. Laat staan nog om dit te ondersoek of te bestudeer. Vir baie is die Woord van God weining meer as ‘n ornament, of ‘n soort heilige voorwerp wat net op sekere tye uitgehaal, afgestof en geraadpleeg word. En dan word dit gewoonlik net vir eie regverdiging gebruik.

“Hoe godvergetend en geestelik sorgeloos kan ’n mens nie word nie! Selfs ten opsigte van die gewigtigste en heiligste plig en voorreg, naamlik die bestudering en omgang met die Woord van God! En Broers en Susters, dit moet ons nie vergeet nie. Dit word vir menige sondaar dikwels so onverwags te laat om dit reg te stel.

“Die verwaarlosing van die Bybel is ’n growwe oortreding van die derde gebod, omdat dit neerkom op veragting van die Naam van die HERE, die Naam wat aan ons geslag geopenbaar is en op skrif gestel is in die Bybel.

“In die bestudering van God se Woord leer ons nie alleen vir God ken nie, maar ook die enigste weg na saligheid deur die geloof in Christus Jesus: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.’ (Joh 14:6) Het jy Jesus Christus as jou Verlosser aangeneem? Indien nie, mag God gee dat jou oë geopen word, voordat dit te laat is. Wie dit versuim, bring ’n ewige oordeel van God oor homself.

“Jesaja het geskryf dat daar ’n diepe slaap oor Israel gekom het, sodat selfs dié wat nog kon lees, nie kon verstaan nie: ‘Want die HERE het oor julle uitgegiet ’n gees van diepe slaap, en Hy het julle oë - die profete - toegesluit en julle hoofde - die sieners - toegebind. So het dan die gesig van al hierdie dinge vir julle geword soos die woorde van ’n verseëlde boek wat hulle gee aan iemand wat kan lees, met die woorde: Lees dit tog! Maar hy sê: Ek kan nie, want dit is verseël. Of hulle gee die boek aan iemand wat nie kan lees nie, met die woorde: Lees dit tog! Maar hy sê: Ek kan nie lees nie.’ (Jes 29:10-14)

“Só het die sielelewe verroes van hulle wat die Woord van God verwaarloos het. Daarom sê die Bybel: ‘Ag, as julle vandag maar na sy stem wou luister! Verhard julle hart nie’. (Ps 95:7,8)

“Ondersoek die Skrifte wat van Jesus Christus getuig.

“Hoe moet die Bybel gelees word? Laat ons eers kyk hoe die Bybel nie gelees moet word nie:

“Die Bybel moet nie gelees word soos die Skrifgeleerdes en Fariseërs dit gedoen het nie. Hulle het dit met ’n trotse hart gedoen. Daarom het hulle op die onkundige skare, wat die wet nie geken het nie, neergesien. Langs die weg van hoogmoed sal ons Jesus Christus nooit in die Skrifte raaksien nie.

“Die tweede gebrek van die Skrifgeleerdes en Fariseërs was hulle wettiesheid. As gevolg daarvan het hulle die sin en betekenis van die Wet van Moses nie verstaan nie. Die oorlewering en gebruike het swaarder gewees as die voorskrifte van die Meester. Langs hierdie weg kon hulle ook nie die gestalte van Jesus Christus in die Woord raaksien nie.

“n Ander groot fout in hulle lewens was dat hulle Jesus Christus en sy woorde nie geglo het nie. Volgens ons teksvers het hulle met kritiese en ongelowige harte na Jesus geluister. Wat Johannes die Doper van Jesus Christus getuig het, het hulle ook nie geglo nie. Ook die Goddelike wonderwerke wat Jesus verrig het, het hulle nie oortuig nie. Hulle het in hulle ongeloof, selfs die Vader verwerp. Ondanks hulle kennis van die Skrifte en hulle ywerige ondersoek van die Skrifte, het Jesus Christus vir hulle ’n vreemdeling gebly.

“Wie die Bybel só met trotsheid, blote verstand en ongeloof in die hart ondersoek, word gewis vir tyd en ewigheid teleurgestel. Wie verstand vóór geloof stel in sy ondersoek van die Bybel, sal Jesus Christus nooit in die Skrifte vind nie. So-ook nie iemand wat steun op sy eie geregtigheid en eie werke nie.

“Só het die Skrifgeleerdes en Fariseërs die Skrif ondersoek. Daarom het hulle Moses en die profete nie verstaan nie. En wat die ergste is, hulle het Jesus ook nie verstaan nie. Daarom het hulle Hom eerder aan die kruis laat spyker!

“Hoekom moet ons dan die Bybel ondersoek? Want dit is wat getuig van Jesus Christus, die getroue Redder en Saligmaker van die wêreld. Dit sê Jesus vir ons oor en oor. Johannes het Jesus aangehaal: ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.’ (Joh 5:24)

“Die Bybel moet met ’n kinderlik gelowige hart ondersoek word. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.

“Wie met God en onse Here Jesus Christus en die Heilige Gees besig is, is immers met die waarheid besig, met die lewendmakende en geopenbaarde waarheid. Daarom, Broers en Susters, moet u glo dat u met Jesus Christus, die waaragtige Waarheid, te doen het in sy Woord. Só sal u Jesus Christus se lieflike beeld op elke bladsy van sy Woord sien.

“Ons teks sê vanmôre duidelik wat u en my roeping is ten opsigte van die Woord van God. Ons besit dit in

ons moedertaal, wat 'n Goddelike voorreg is wat baie ander gelowiges nie het nie. Dié voorreg alleen is egter nie genoeg nie. Ons moet die Woord van God lees en gebruik, sodat ons die inhoud daarvan in ons harte kan opneem. Die Woord van God eis dat ons ons lewens, die doen en late van elke dag, daarvolgens sal inrig. Dit eis dat ons terselfdertyd sal doen wat God ons in sy Woord gebied. Anders is en bly ons slegs in naam Christene en huigelaars voor God en mense. Dan doen ons nie net onreg aan onself nie, maar smaad ook die Naam van onse Here Jesus Christus.

“Amen.”

Kommentaar:

Voordat jy die Bybel bestudeer, maak eers seker dit is die ware Bybel.

Die Tradisionele Nuwe Testament, wat vir ongeveer twee duisend jaar as Nuwe Testament aanvaar is, is nou vervang deur 'n nuwe Nuwe Testament wat in 1881 as die *British Revised Version* gepubliseer is. Dit is gebaseer op twee Rooms-Katolieke manuskripte, die *Codex Vaticanus* en die *Codex Sinaiticus*, wat deur twee Anglikaanse *Biblescholars*, Brooke Foss Westcott (1825 - 1901) en Fenton John Anthony Hort (1828 - 1892) saamgevoeg is. Dit is aangevoer deur die Rooms-Katolieke Kerk en deur die Anglikaanse Kerk geloods, met die doel om Protestante onder beheer van die Rooms-Katolieke Kerk te bring.

Waar Rooms-Katolieke in die verlede verbied is om Bybels te besit, het Rooms-Katolieke en Protestante nou dieselfde Bybels.

Bybels wat die oorspronklike ware Nuwe Testament bevat, is onder andere die *Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans*, *New King James* en *King James* vertalings, die *Hollandse Statebybel*, die Duitse *Froschauer Bibel* en die *Martin Luther Bibel*.

Bybels wat die nuwe Roomse Nuwe Testament bevat, is die *Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel*, *Nuwe Lewende Vertaling in Afrikaans*, *New International Version*, *New Living Translation*, *Revised Standard*

Version en feitlik alle ander nuwe vertalings van die Bybel.

Vergelyk self die ware Tradisionele Nuwe Testament met die nuwe Roomse Nuwe Testament. Neem 'n ware Bybel wat die Tradisionele Nuwe Testament bevat, soos byvoorbeeld die *Ou Vertaling in Afrikaans*, of 'n *New King James Version* en vergelyk dit met:

'n Roomse Bybel wat die saamgestelde *Codex Vaticanus/Codex Sinaiticus* as Nuwe Testament bevat, soos die *Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel*, of *Nuwe Lewende Vertaling in Afrikaans*, of 'n *New International Version*, of *Revised Standard Version*.

Vergelyk die volgende verse:

Matthéüs 18 vers 11

Markus 11 vers 26

Markus 15 vers 28

Lukas 4 vers 4

Lukas 9 verse 55, 56

Westcott en Hort was verder aktiewe *New Agers*, wat Gnostiese afwykings in die *Codex Vaticanus* en *Codex Sinaiticus* in die nuwe Nuwe Testament geïnkorporeer het.

Meer inligting hieroor verskyn in die pdf dokument *Data 2016* onder op die subbladsy *Strukture vir Bybelvertalings geïnfiltreer* op hierdie webwerf.